higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Vakvoorman
2.1.2 Pakhuismeester
2.1.3 Gemeenskapskakelbeampte
1.1.4 Landmeter
1.1.5 Genomineerde subkontrakteur
1.1.6 Algemene voorman
1.1.7 Boubeheerbeampte
1.1.8 Bou-/terreinopnemer
1.1.9 Werkeklerk
1.1.10 Resident-ingenieur

(10 × 1) (10)

1.2
- Fisiologiese behoeftes
- Veiligheidsbehoeftes
- Sosiale behoeftes
- Behoefte aan respek
- Behoefte aan selfaktualisering (5)

1.3 1.3.1 Motivering is die dryfkrag agter ons optrede,✓ en word aangevuur deur ons begeerte na iets.✓ (2)

1.3.2 'n Selfvervullende profesie is iets wat 'n mens voorspel wat waarskynlik in die toekoms sal gebeur,✓ en wat bewaarheid word omdat 'n mens dit verwag het,✓ en daarom jou gedrag daarvolgens verander het.✓ (3)

[20]

VRAAG 2

2.1
- Dit help 'n toesighouer om 'n oog te hou oor hoe 'n projek vorder.
- Dit monitor die mate waarin 'n plan uitgevoer word.
- Dit help 'n toesighouer ook om die regte stappe te doen as daar op enige stadium van die plan afgewyk word. (Enige 2 × 1) (2)

2.2
- Programme vir beroepsgesondheid en -veiligheid
- Brandveiligheidsprogramme
- Higiëne- en gedragsprogramme
- Omgewingsbestuursprogramme
- Gehalteversekeringsprogramme
- ISO-sertifisering
- Mynbouprogramme
- Maatskaplike verantwoordelikheid en volhoubaarheid
- Algemene bedryfsprogramme (Enige 6 × 1) (6)

2.3 'n Toelaatbare afwyking is 'n toelaatbare verandering in enige gegewe grootte✓ om 'n behoorlike funksie te verkry.✓ (2)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1
- Kom altyd veiligheidsreëls en -regulasies na.
- Ken jou toerusting en gebruik dit doeltreffend.
- Dra altyd die korrekte persoonsbeskermende toerusting.
- Gebruik behoorlike versperrings en uithangborde.
- Doen moeite om 'n taak korrek te verrig.
- Meld onveilige werksomstandighede dadelik aan.
- Weier om in onveilige werksomstandighede te werk en leer om nee te sê.

(Enige 5 × 1) (5)

3.2
- Eksterne faktore soos 'n kliënt wat dinge laat herontwerp en veranderings aanbring
- Swak werksomstandighede
- Tekort aan toerusting
- Verkeerde keuse in konstruksiemetode
- Swak koördinasie
- Onduidelike kommunikasie
- Die gebruik van ongeskoolde werkers
- Gebrek aan toesig

(Enige 5 × 1) (5)
[10]

VRAAG 4

4.1
4.1.1 12 050
4.1.2 1 050
4.1.3 1 000
4.1.4 7 050
4.1.5 32 100
4.1.6 +1 000
4.1.7 -500

(7 × 1) (7)

4.2 Projek en komplekse ontwerp
Weerstoestande
Beskikbaarheid van werkers

LET OP: Daar is geen volgorde vir hierdie antwoorde nie.

(3 × 1) (3)

4.3
4.3.1 'n Voorsitter lei 'n vergadering✓ en sorg dat die res van die komiteelede doen wat hulle moet.✓

4.3.2 'n Sekretaresse tref al die reëlings vir 'n vergadering✓ en neem ook die notule van die vergadering.✓

(2 × 2) (4)

4.4 4.4.1 Die voorsitter lê die notule van die vorige vergadering ter tafel vir bespreking.✓ Daarna versoek die voorsitter die lede om die notule goed te keur.✓ As lede vind dat die notule nie akkuraat is nie, kan wysigings daaraan voorgestel word.✓

4.4.2 Verskonings is wanneer die voorsitter die name van lede bekend maak wat formeel kennis gegee het✓ dat hulle die vergadering nie sal bywoon nie.✓ Partymaal noem lede die name van kollegas wat die vergadering nie kan bywoon nie.✓

(2 × 3) (6)
[20]

VRAAG 5

5.1
- 'n Werknemer kan 'n vakbondverteenwoordiger of arbeidsinspekteur versoek om rekords na te gaan wat met sy of haar indiensneming verband hou, en volgens die Wet gehou moet word.
- 'n Werknemer kan ooreenkomstig hierdie Wet aan die verrigtinge deelneem.
- 'n Werknemer kan enige rekords nagaan wat met sy of haar indiensneming verband hou, en wat ingevolge die Wet gehou word.
- 'n Werknemer kan weier om tot diensvoorwaarde toe te stem wat strydig is met die Wet of enige sektorale vasstelling.
- 'n Werknemer kan sy of haar diensvoorwaardes met ander werknemers, sy of haar werkgewer of enigiemand anders bespreek.
- 'n Werknemer kan 'n klag oor 'n werkgewer se beweerde versuim of weiering om aan die Wet te voldoen by 'n vakbondverteenwoordiger of arbeidsinspekteur indien.
- 'n Werknemer kan weier om 'n opdrag uit te voer wat in stryd is met hierdie Wet of enige sektorale vasstelling. (Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Metode
- Inhoud
- Frekwensie
- Vaardighede (4)

5.3
- Swak werksomstandighede
- Onbillike behandeling
- Gebrek aan opleiding
- Gebrek aan geriewe
- Gebrek aan toerusting
- Swak opgeleide toesighouers
- Onenigheid onder mekaar (Enige 6 × 1) (6)

[15]

VRAAG 6

6.1 6.1.1

- Om onder die invloed van drank by die werk op te daag
- Om opsetlik opdragte wat met jou werk verband hou, te verontagsaam
- Om te weier om wettige opdragte uit te voer
- Om te vloek of ander werkers te beledig
- Om ander werkers aan onveilige werksomstandighede bloot te stel
- Om tydkaarte te vervals

6.1.2

- Intimidasie en viktimisering
- Om met 'n gevaarlike wapen by die werk rond te loop
- Aanranding
- Vuisgevegte op die maatskappy se perseel
- Oortreding van veiligheid-en-sekuriteitsregulasies
- Diefstal
- Oneerlikheid en bedrog
- Opsetlike beskadiging van maatskappyeiendom

(2 × 6) (12)

6.2

- Seksisme
- Rassisme
- Onbehoorlike gedrag
- 'n Gebrek aan spanwerk
- Swak werksomstandighede
- Ondoeltreffende kommunikasie
- Meningsverskille

(Enige 3 × 1) (3)
[15]

VRAAG 7

7.1 'n Lys van alle tekeninge✓ wat vir 'n projek nodig is, ✓ word in tekeningskedules aangedui.

7.2 Materiaalsertifikate sertifiseer dat materiaal✓ aan die kontrakspesifikasies voldoen.✓

7.3 'n Presensielys dui aan hoe getrou werkers✓ en gereeld besoekers by 'n konstruksieterrein opdaag.✓

7.4 Op grond van die terreininstruksies word die besonderhede van enige werk wat op 'n konstruksieterrein gedoen word,✓ bevestig of aangepas.✓

7.5 'n Verskaffer wat 'n bestelling aflewer,✓ oorhandig 'n afleweringsnota aan die kliënt.✓

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou